

MEDIA24 SE PRIVAATHEIDSBELEID

Dit is die hoof-privaatheidsbeleid vir Media24 Eiendoms Beperk en geld vir al ons Platforms. Wanneer ons van ons "Platforms" praat, verwys ons na al ons webwerwe, mobiele werwe, mobiele toepassings (toeps), e-pos of enige ander tegnologie of dienste wat jy kan gebruik om met ons te skakel.

Ons streef om jou 'n dinamiese en interaktiewe ervaring op al ons Platforms te gee. Ons doelwit is om jou ingelig te hou en te vermaak deur die jongste en mees aktuele nuus en inhoud aan jou te verskaf. Een van die maniere waarop ons dit doen, is deur inligting te ontleed wat ons versamel en van jou ontvang, om te bepaal wat jou miskien sal interesseer. Dit help ons om meer boeiende inhoud te ontwikkel en advertensies te lewer wat vir jou meer toepaslik en vir adverteerders meer doeltreffend is – dit stel ons in staat om die meeste van ons dienste gratis te hou.

Hierdie privaatheidsbeleid beskryf hoe ons die inligting wat ons versamel en van jou ontvang, hanteer. Met die gebruik van ons Platforms stem jy in tot die bepalings van hierdie privaatheidsbeleid.

INLIGTING WAT ONS VERSAMEL EN ONTVANG

Ons versamel en ontvang inligting oor jou op die volgende wyses:

1 Inligting wat jy aan ons gee

Dit sluit enige inligting in wat jy direk aan ons verskaf – hetsy deur ons Platforms of telefonies, per SMS of faks of enige ander medium. Dit kan inligting insluit wat jy aan ons verskaf:

- deur vorms op ons Platforms in te vul – byvoorbeeld wanneer jy vir 'n rekening registreer, of inteken of registreer om dienste op ons Platforms te gebruik;
- wanneer jy vir 'n kompetisie of promosie inskryf of 'n vraelys invul;
- deur kommentaar of inhoud op ons Platforms te plaas;
- wanneer jy een van ons produkte of dienste koop;
- wanneer jy ons kontak en wanneer jy andersins inligting direk aan ons verskaf.

2 Inligting wat ons versamel of ontvang wanneer jy ons Platforms, produkte of dienste gebruik

Ons versamel inligting wanneer jy ons Platforms of dienste gebruik – deur koekies, webmerkers en ander tipes tegnologie. Na gelang van hoe jy toegang tot ons Platforms kry en hulle gebruik, kan ons die volgende ontvang:

- Logboek-inligting (byvoorbeeld inligting oor jou interaksies met ons Platforms en ander dienste wat jy gebruik, die inhoud waarna jy kyk en die soektogte wat jy doen);

- Inligting oor jou wat ons aflei op grond van jou interaksie met ons produkte en dienste;
- Toestel-inligting (byvoorbeeld die tipe toestel wat jy gebruik, hoe jy toegang tot ons Platforms kry, jou blaaier of bedryfstelsel en jou internetprotokol- of IP-adres);
- Liggingsinligting (byvoorbeeld jou toestel se GPS-sein en inligting oor WiFi-netwerke en selfoontorings in die omgewing; ons kry hierdie inligting wanneer jy ligging-spesifieke dienste gebruik).

3 Inligting uit derdeparty-bronne

Ons kan addisionele inligting oor jou ontvang wat in die openbaar of kommersieel beskikbaar is, en dit kombineer met die inligting oor jou wat ons op ander maniere versamel of ontvang het. Ons kan ook inligting oor jou ontvang wanneer jy kies om by sosiale netwerkdienste in te skakel terwyl jy ons Platforms gebruik.

HOE ONS DIE INLIGTING WAT ONS VERSAMEL EN ONTVANG, GEBRUIK

Ons gebruik die inligting wat ons versamel en ontvang vir die volgende algemene doeleindes:

- 1 Om inligting, produkte of dienste wat jy van ons vra, aan jou te verskaf.**
- 2 Om met jou te kommunikeer.** Ons wil jou miskien inlig oor veranderings aan ons Platforms of inligting aan jou verskaf oor kompetisies, produkte of dienste waarin jy moontlik sal belangstel.
- 3 Om doeltreffende en relevante dienste aan jou te lewer.** Ons wil verseker dat inhoud vanaf ons Platforms op die doeltreffendste wyse aangebied word vir jou en vir die toestel wat jy gebruik. Ons wil ook inhoud aan jou verskaf wat jy waarskynlik relevant en boeiend sal vind.
- 4 Om doeltreffende advertensies te lewer.** Baie van ons Platforms word deur advertensies ondersteun. Ons wil ons gebruikers se ervaring verbeter deur advertensies te plaas wat vir hulle nuttig kan wees. Van die wyses waarop ons dit doen, is om:
 - vir jou advertensies te wys op grond van jou aanlyn-aktiwiteite, soos die webwerwe en toeps wat jy gebruik of die inhoud waarna jy gekyk het, asook data wat ons oor jou ingesamel het, data wat jy aan ons verskaf het, of data wat ons uit derdeparty-bronne ontvang het;
 - die getal kere wat jy dieselfde advertensie sien te beperk; en
 - die doeltreffendheid van die advertensies wat ons plaas te meet.

HOE ONS DIE INLIGTING WAT ONS VERSAMEL EN ONTVANG, DEEL

Ons verkoop nie jou persoonlike inligting aan derde partye om vir hul bemerking te gebruik nie.

Ons kan inligting deel met:

- **Ons geaffilieerdes** – met ander woorde, ander maatskappye in die Naspers-groep. Naspers bestaan uit 'n aantal verskillende maatskappye, waaronder Media24, wat alle kliëntinligting versamel. Deur hierdie inligting tussen sake-eenhede uit te ruil, kan ons meer oor ons kliënte te wete kom, en dit stel ons in staat om 'n meer relevante en boeiende kliëntervaring te skep.
- **Sakevennote.** Ons kan inligting wat nie persoonlik geïdentifiseer kan word nie, met uitgesoekte sakevennote deel. Dit beteken ons maak nie inligting oor identifiseerbare persone aan ons sakevennote bekend nie (dit wil sê ons gee nie jou naam en kontakbesonderhede aan hulle nie), maar ons kan saamgestelde inligting oor ons gebruikers aan hulle verskaf – ons kan hulle byvoorbeeld inlig dat 500 mans van jonger as 30 op enige gegewe dag op hul advertensie geklik het. Ons kan sulke saamgestelde inligting ook gebruik om ons sakevennote te help om die soort gehoor te bereik waarop hulle ingestel is.
- **Ander partye in reaksie op regsprosesse of wanneer dit nodig is om ons Platforms te bedryf of te beskerm.** Ons kan jou inligting bekend maak indien ons 'n plig het om jou inligting bekend te maak of te deel ter voldoening aan 'n regsverpligting of om ons Platforms te beskerm. Ons kan ook jou inligting bekend maak tydens 'n skuldinvorderingsproses; of aan ons prokureurs in verband met potensiële, dreigende of werklike regsaksie; of aan ons ouditeure vir die ouditering van ons rekeninge.
- **Ander partye in verband met sekere besigheidstransaksies.** Indien ons enige van ons ondernemings of bates verkoop, kan ons jou persoonlike inligting aan die voornemende koper van so 'n onderneming of sulke bates bekend maak.
- **Maatskappye wat dienste aan ons lewer.** Maatskappye wat dienste aan ons lewer of namens ons optree, kan toegang hê tot inligting oor jou. Hierdie maatskappye word beperk in hul vermoë om inligting te gebruik wat hulle tydens dienslewering aan ons of jou ontvang.
- **Derde partye wanneer jy toestemming verleen.** In sommige gevalle sal derde partye (dikwels adverteerders) graag inligting oor jou wil kry om hul produkte aan jou te adverteer, of om watter ander rede ook al. Ons kan inligting met derde partye deel indien jy toestemming in die vorm van uitdruklike aanvaarding verleen. Sulke omstandighede kan insluit (maar is nie beperk nie tot) inskrywing vir 'n kompetisie wat deur 'n derde party geborg word en waar die verskaffing van jou inligting 'n voorwaarde vir inskrywing is, of waar jy jou belangstelling te kenne gee in 'n produk of diens waarvoor jy meer inligting verlang.

Ons sal ook seker maak dat jou aanvaarding eksplisiet is en dat ons 'n duidelike beskrywing gee van watter data met die derde party gedeel sal word. Onthou – nadat jy ons toestemming gegee het om jou inligting aan die derde party te stuur, kan ons nie beheer wat hulle met jou data gaan doen nie. Gaan kyk dus eers na hul privaatheidsbeleid voordat jy vir ons toestemming gee om jou inligting te deel.

- **Ander partye wat inhoud, advertensiedienste, of funksionaliteit op ons Platforms verskaf.** 'n Deel van die inhoud, advertensies en funksionaliteit op ons Platforms kan verskaf word deur derde partye wat nie met ons geaffilieer is nie. Sulke derde partye sluit in:
 - advertensieverskaffers, wat ons en ons advertensieklieënte help om advertensies te lewer wat by gebruikers se belangstellings aangepas is en verstaan hoe gebruikers op daardie advertensies reageer;
 - teikengroep-evalueringsmaatskappye, wat ons help om die totale gebruik van ons Platforms te meet en dit met gebruik op ander aanlyndienste vergelyk; en
 - sosiale netwerkdienste (soos Facebook, Twitter, LinkedIn, Instagram) wat jou in staat stel om vir sekere van ons dienste te registreer en aan te meld en met jou sosiale netwerk dinge te deel wat jy op ons Platforms kry. Dit is slegs van toepassing indien jy kies om by 'n sosiale netwerkdienste in te skakel; ons kan ander registrasie- en aanmeldmetodes verskaf.

Hierdie derde partye kan inligting oor jou gebruik van ons Platform insamel of ontvang – insluitend met behulp van koekies, webmerkers en ander tipes tegnologie. En hierdie inligting kan oor 'n tydperk ingesamel word en gekombineer word met inligting wat op verskillende webwerwe en aanlyndienste versamel is. Dit is belangrik om te onthou dat ons nie die privaatheidspraktyke van hierdie (of enige ander) derdeparty-dienste beheer nie. Ons wil jou dus aanmoedig om die privaatheidsbeleid van hierdie dienste te lees voordat jy by hulle inskakel.

JOU KEUSES

Jy het die reg om ons te vra om jou nie vir bemerkingsdoeleindes te kontak nie. Jy kan hierdie reg enige tyd uitoefen deur enige van die verskillende kansellasie-opsies te gebruik wat ons altyd aan jou sal gee wanneer ons met jou kommunikeer. Ons bestuur 'n aantal afsonderlike verspreidingslyste oor die verskillende sake-eenhede van Media24, elk met sy eie tema en doel. Wanneer jy jou naam op een verspreidingslys kanselleer, beteken dit nie dat jou naam outomaties uit alle ander lyste verwyder sal word nie. Jy kan nie roetine-dienskorrespondensie van ons kanselleer nie, omdat ons dan nie dienste aan jou sal kan lewer nie.

Ons Platforms gebruik koekies. Indien jy ons koekies wil verwerp, kan jy jou blaaier instel om dit te doen.

'n Koekie is 'n alfanumeriese identifiseerder wat ons deur jou webblaaier na jou harde skyf oordra wanneer jy ons Platforms besoek. Dit stel ons eie stelsel in staat om jou te herken wanneer jy ons Platforms weer besoek en om ons diens aan jou te verbeter. Koekies kan ook gebruik word om saamgestelde inligting oor areas van ons Platforms wat die meeste besoek word, te versamel. Hierdie inligting oor webverkeer kan gebruik word om die inhoud van ons Platforms te verbeter en dit vir jou makliker te maak om te gebruik.

ONS VERBINTENIS TOT VEILIGHEID

Hoewel niemand die veiligheid van die inligting wat ingesamel en ontvang word kan waarborg nie, pas ons verskeie beskermingsmaatreëls toe om die risiko van ongemagtigde toegang tot of bekendmaking van jou inligting te verminder. Ons sal ons bes doen om jou persoonlike inligting te beskerm en ons sal die jongste tegnologie gebruik wat ons daarmee sal help.

SKAKELS MET ANDER WEBWERWE

Ons Platforms bevat skakels na en vanaf webwerwe, mobiele toepassings of dienste van derde partye, adverteerders of geaffilieerdes. Let wel: Ons is nie verantwoordelik vir die privaatheidspraktyke van sulke ander partye nie. Ons raai jou aan om die privaatheidsverklarings te lees van elke webwerf wat jy besoek en wat persoonlike inligting insamel.

INTERNASIONALE GEBRUIKERS

Media24 is in Suid-Afrika gesetel en jou inligting kan na bedieners in Suid-Afrika (of elders in die wêreld) gestuur word en op daardie bedieners in stand gehou word – ongeag waar jy ons Platforms, produkte of dienste gebruik, of toegang daartoe verkry. Let wel: Enige inligting wat ons oor jou verkry, sal bewaar word ooreenkomstig Suid-Afrikaanse privaatheidswette, regulasies en standaarde, wat miskien nie met die wette van jou land van verblyf ooreenstem nie. Deur ons Platforms te gebruik, verleen jy toestemming tot hierdie insameling, oorpasing, bewaring en verwerking van inligting na en in Suid-Afrika.

VERANDERINGS AAN HIERDIE PRIVAATHEIDSBELEID

Ons kan hierdie privaatheidsbeleid van tyd tot tyd bywerk. Alle veranderings wat ons aan ons privaatheidsbeleid aanbring, sal op hierdie bladsy geplaas word en, waar gepas, op die toepaslike wyse aan jou gekommunikeer word.

KONTAK

Vrae, kommentaar en versoeke oor hierdie privaatheidsbeleid word verwelkom en kan gerig word aan privacy@media24.com.